Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika

Sinodale Diensgroep vir Ondersteuningsdienste

Verslag aan Ringe: Augustus 2014

http://kaapkerkadmin.co.za

A. VERSLAG VAN DIE SINODALE TAAKSPAN VIR DIE ARGIEF (STA)

1. SAKE UIT DIE MODERAMEN SE NOTULE VAN FEBRUARIE 2014

1.1 Sentralisering van gemeentelike registers

1.1.1 Die STA is steeds besig met die ontwikkeling en toets van ’n gesentraliseerde lidmaatskapdatabasis.

1.2 Personeel

1.2.1 Die Hoofargivaris (Marlene Schoeman) tree op 28 Februarie 2015 af. Die senior argivaris (Alta Vrey) tree op 31 Maart 2016 (ná 31 jaar diens) af.

1.2.2 Die Sinode van die Vrystaat is besig met ’n gesprek oor die moontlikheid om hulle argief ook na Stellenbosch te skuif. Dit sluit hulle personeel in. Die saak was op die Vrystaat se agenda vir hulle spesiale sinodesitting van 29 Julie 2014. Die aanbeveling was kort en kragtig: “Die Sinode besluit om die Sinodale Argief van die NG Kerk Vrystaat na die Sentrale Argief van die NG Kerk in Stellenbosch te verskuif”. Die gesprek was egter nie kort en kragtig nie en die saak is terugverwys na die Vrystaat se eenheid vir Ondersteuning.

1.2.3 Die STA is huiwerig om nou (1 Maart 2015) ’n nuwe hoofargivaris aan te stel. Sou die Vrystaat tog na Stellenbosch kom, is dit moontlik met hulle bekwame argivaris en al. Die STA vertrou dat daar teen Februarie 2015 groter duidelikheid sal wees.

1.2.4 Mev Marsha Conning (Argief beampte) verhuis op 1 September 2014 saam met haar man na Gauteng. Die vakature word met die Ad Hoc Taakspan vir Struktuurontwikkeling bespreek.

2. NUWE SAKE

2.1 Aanlyn databasis: Gemeentes en Predikante

2.1.1 ’n Aanlyn databasis is ontwikkel en in werking sedert Paasnaweek 2014. Dit bevat besonderhede van gemeentes (personeel, webadres, foto van kerkgebou) en sluit die finansiële state se inligting van die afgelope sewe jaar in. Dit bevat ook die predikante se besonderhede (foto en kontakbesonderhede, ABR-kode en status en VBO kursusse bygewoon). Dit is tans ’n geslote databasis met slegs 44 persone wat via ’n wagwoord toegang tot die databasis het.

2.1.2 Die STA is uiter dankbaar teenoor die personeel van die TSO wat die massa data ingevoer het kontroleer (Annerina Viljoen en Hannelie Strydom die finansies, Salomi Steenkamp die foto’s en dataverifikasie, Elmien Theron die amptenare, Elodie van der Walt en Stephanie van der Merwe die predikante se data).

3. KONTAKBESONDERHEDE

Voorsitter – Ds Albé Theunissen
022-931-2509 | albetheunissen@gmail.com

Saakgelastigde – Ds Bossie Minnaar
021-957-7104 | 083-270-5211 | bossie@kaapkerk.co.za

Hoofargivaris – Mev Marlene Schoeman
021-882-9923 | marlene@kaapkerk.co.za

Webblad:
http://kerkargief.co.za

B. VERSLAG VAN DIE SINODALE TAAKSPAN VIR DIENSVERHOUDINGE (STD)

1. PERSONEELVERANDERINGS

Die volgende veranderings het plaasgevind:

1.1 Aftredes

Dr K du Preez	30/06/2014

1.2 Bedankings

Geen

1.3 Aanstellings

Mnr J van Zyl (Faktotum)	01/08/2014 (Oordrag vanaf GHBM)
Me M Prinsloo (Armoede & Sorg)	Termynkontrak tot 30/11/2014
Ds L Venter (Armoede & Sorg)	01/10/2014 (100% PSD)

1.4 Wysiging in diensooreenkoms

Dr AR Hanekom (Publieke Getuienis)	01/05/2014 (90% PSD, 10% Stellenberg) Was voorheen 'n 50% PSD (Armoede en Sorg)
Dr JN (Kobus) Odendaal (KGA)	01/03/2014 (100% PSD) Was voorheen 'n bestuurder by KGA

2. VERLENGING VAN OOREENKOMS MET GEMEENTE

2.1 In 2012 is 'n Ooreenkoms tussen die NGK in SA en Die Gemeenskapskerk aangegaan waarvolgens ds PR Botha met ingang 1 Mei 2012 vir 'n beperkte termyn van 36 maande aan die Diensgroep Gemeentebegeleiding gesekondeer is om die verantwoordelikhede vir PSD: Gemeente-ontwik–keling & Kerklike Samewerking (GKS) op 'n deeltydse basis te verrig. Die Ooreenkoms verval outomaties op 30 April 2015 (8 maande).

2.2 Die Moderamen besluit oor die aanstelling en aanwending van PSD's. Die Taakspan en Diensgroep is versoek om hieraan aandag te gee en om aanbevelings aan die Moderamen in dié verband te maak. Die Taakspan is gewys op die Taakspan Struktuurontwikkeling se aanbevelings, soos besluit deur Moderamen by die Februarie 2014 vergadering [MN14/28].

2.3 Dringende besluitneming oor die uitklaring van die posisie is belangrik aangesien die betrokke gemeente ook voldoende tyd gegun behoort te word om hul beplanning vir 2015 te doen. Die operasionele omstandighede (opleiding van MSM-spanne, aanbieding van internasionale "*Fresh Expressions*" konferensie te Kaapstad, ens.) by GKS, behoort ook verreken te word.

3. BENOEMING: PSD ARMOEDE & SORG

Ds Leon Venter is na 'n deeglike keuringsproses benoem as PSD: Armoede & Sorg. Hy aanvaar diens op 1 Oktober 2014 [MN14/38].

4. BEDANKING AS VOORSITTER: STD

Met die aanvaarding van die pos as PSD: Armoede & Sorg het ds Venter met onmiddellike effek as voorsitter van STD bedank.

'n Nuwe voorsitter sal by die volgende vergadering gekies word.

5. SEKRETARIëLE POS: ARMOEDE & SORG [MN14/38]

'n Konsep posbeskrywing en advertensie is reeds opgestel, maar enige verdere werwing- en keuringsprosesse is intern eers op ys geplaas totdat die PSD diens aanvaar. Derhalwe is die termynooreenkoms met me M Prinsloo verleng tot 30 November 2014. Sodra al die rolspelers se insette verkry en verreken is, sal daar voortgegaan word om 'n permanente aanstelling te doen.

6. OORDRAG VAN PERSONEEL NA GHBM [MN14/31 en MN14/32]

Konsultasiegesprekke met beide posbekleërs het op 3 April 2014 plaasgevind insake hul oordrag na GHBM. Die Memorandum van Ooreenkoms wat die oordrag reguleer is opgestel en onderteken deur die onderskeie regspersone (partye). Daarna is die dienskontrakte vir die betrokke twee personeellede opgestel, ooreengekom en onderteken. Oordrag van dienskontrakte het op 1 Junie 2014 geskied.

7. OORDRAG VAN PERSONEEL NA NG KERK IN SA

Die Moderamen het besluit [MN14/33] dat wanneer die Sinodale Sentrum na die NG Kerk oorgedra word, die poste van GHBM (Faktotum en skoonmaker) ook na die NG Kerk in SA oorgedra word.

Die Faktotum (mnr J van Zyl), se termyndienskontrak het op 31 Julie 2014 geëindig. Na oorlegpleging met GHBM, die personeellid en die Saakgelastigde is daar besluit om die Faktotum met ingang 1 Augustus 2014 op die diensstaat van die NG Kerk in SA aan te stel.

Vir die interim periode totdat die oordrag van die Sinodale Sentrum geskied, sal GHBM maandeliks vir die personeeluitgawe gefaktureer word.

Die skoonmaker se dienste word tans vanaf ’n eksterne kontrakteur ingekoop. Die aanstelling (nie oordrag nie) van die skoonmaker sal geskied sodra die sentrum se oordrag geskied. Die opsie sal ook oorweeg kan word om die eksterne ooreenkoms voort te sit, al dan nie.

8. POS VAN EIENDOMSBESTUURDER [MN14/35]

8.1 STD het ’n volledige ondersoek gedoen oor die pos. Die pos is juis geskep om uitvoering te gee aan Moderamen besluite in 2011. Ontledings van die onderskeie werksbeskrywings is gedoen. Die posbekleër beklee ’n kombinasiepos nl. 60% (Eiendom) en 40% (Arbeidsbediening). ’n Werksontleding vir die omvang van die eiendomskomponent van die pos (projekte, take, ens.) vir Junie/Julie 2014 is gedoen wat die wye omvang en diverse aard van die pos aandui.

So ook die aktiwiteite wat vorentoe meer aandag en tyd gaan verg met die oordrag van die Sinodale Sentrum, SKDB huise/-kantore en ander eiendomme wat tot onlangs deur GHBM bestuur is.

In die pas afgelope finansiële oudit het die ouditeure ook sekere aksies rakende die vaste bate register uitgewys, wat aan die pos van Eiendomsbestuurder toegewys gaan word.

’n Volledige verslag is aan die Taakspan Struktuurontwikkeling verskaf.

9. POS VAN KANTOOR ASSISTENT [MN14/36]

9.1 ’n Volledige ondersoek is gedoen om kyk na die posbeskrywing, doel van die pos, gesprekke met persone aan wie die posbekleër rapporteer, asook met personeel van Badisa. By die ondersoek was ’n ontleding van werksaamhede oor ’n 16 weke periode ingesluit. Alhoewel vlakdrukwerk (maak van massa fotostate) vir Badisa en verskillende Taakspanne gedoen word, het die ondersoek getoon dat die posinhoud (bankdiens, deurdiens, kombuis, liassering, kluise, versnippering, ens.) beslis meer uitgebreid is.

’n Volledige verslag is aan die Taakspan Struktuurontwikkeling verskaf.

10. PSD-POS VIR PUBLIEKE GETUIENIS

Na onderhandelinge met NG Gemeente Stellenberg is ooreengekom dat dr Hanekom 10% van sy tyd aan die gemeente beskikbaar stel vir sekere funksies. Die gemeente onderneem om dienooreenkomstig vergoeding in gelyke persentasie maandeliks aan die sinode oor te betaal.

’n Memorandum van Ooreenkoms, met 1 Mei 2014 as aanvangsdatum, is tussen NG Gemeente Stellenberg en die NG Kerk in SA opgestel, onderhandel en onderteken. Vervolgens is ’n nuwe dienskontrak met dr Hanekom met ingang 1 Mei 2014 as PSD: Publieke Getuienis gefinaliseer [sien MN14/27]. Die Moderamen het die datum (1 Mei 2014) met ’n e-pos stemproses bekragtig.

11. BESTUURDERSPOS BY KGA OMSKEP IN PSD POS

Die Moderamen het besluit [MN14/28] dat die bestuurderspos van Taakspan 1 as PSD pos erken word. Dr Odendaal het onlangs sy benoeming aanvaar. Daarna is ’n dienskontrak vir PSD vir Taakspan Getuienis deur ons Familie Ekumene, terugwerkend vanaf 1 Maart 2014 onderhandel, ooreengekom en onderteken.

12. VERLOFOUDIT

Die jaarlikse interne verlofoudit is gedoen met nodige verslag aan STD. Kommunikasie, waar van toepassing, is aan die PSD’s gerig rakende die (af)bestuur van verlof, soos met hul in 2012 ooreengekom.

13. POSGRADERINGS

STD het besluit dat alle poste (nege) vanaf posgraad 11 en hoër (Omnibus) weer geëvalueer word. Die posgraderings sal binnekort deur die posgraderingskomitee gedoen word, met verslag aan STD. Dit blyk dat die ondersoek van die Taakspan Struktuurontwikkeling ook voorsien dat sekere poste as gevolg van die struktuurontwikkeling dalk vorentoe geëvalueer gaan word. STD sal die situasie monitor en daaraan, op versoek, aandag gee.

14. 360° PRESTASIEBEOORDELING

Die NG Kerk in SA volg vir jare reeds ’n prestasiegerigte en deelnemende bestuursbenadering. Daar word jaarliks in November/Desember ’n volledige beoordeling van elke personeellid se KPA’s aan die hand van ’n voorgeskrewe prestasiebeoordelingsformaat gedoen. Dit word opgevolg met ’n merieteproses wat ook aan vergoeding gekoppel word.

Die STD het besluit om die sisteem verder uit te bou. As deel van personeellede se jaarlikse evaluasie word beplan om ook insette van persone buite die direkte bestuursverhouding te verkry.

Die Bestuurder: Menslike Hulpbronne is tans besig met navorsing in dié verband om ’n doelgerigte model vir 360° terugvoer daar te stel. Dit behoort teen Oktober-maand gereed te wees.

15. MEDIESE SKEMA

Die Discovery Health se verhoging en plankeuse vir 2015 word eersdaags bekend gestel, waarna voorbereiding vir die jaareinde kommunikasie na die lede en gemeentes sal volg.

Gesprekke is onlangs met Guardrisk, die onderskrywer van die AdmedAdd+ produk gevoer oor enkele knelpunte rakende die hantering van administrasie. Voorstelle is bespreek om eise en maandelikse oorbetalings te laat vlot.

16. PENSIOENFONDSE

Die pensioen industrie staan voor reuse uitdagings met T-Day wat op 1 Maart 2015 in plek kom, asook P-Day wat daarna gaan volg.

In kort, met ingang 1 Maart 2015 maak werkgewersbydraes tot aftreefondse, byvoordele uit en sal sodanig belas word in werknemers se hande. Lede sal egter belastingaftrekking van tot 27,5% of die grootste van hul vergoeding of belasbare inkomste kan geniet op hul bydraes (werkgewer en werknemer) tot ’n pensioen- of aftreeannuïteitsfonds.

Die trustees van die Predikante Pensioenfonds (PPF) is tans besig om ons bydraestrukture te ondersoek en aan te pas by die vriendeliker omgewing wat deur die Tesourie daargestel is. Die PPF-Nuusbrief sal meer inligting vir die lede in dié verband bevat.

’n Ondersoek is tans ook in proses om vir PPF-lede meer buigsame sterftedekking, volgens individuele lede se behoeftes daar te stel. Na die eerste rondte gesprekke met versekeraars, is gunstige terugvoer vanaf die versekeraars en tussengangers ontvang.

Die amptenare van die Sinode, insluitend Badisa en ander deelhebbers, het ’n Pensioenfonds (1 500 lede) en ’n Voorsorgfonds met ongeveer 950 lede. Met P-Day (bewaring van voordele) gaan die verskille tussen die twee fondse verdwyn. Gesprekke en prosesse is aan die gang om die twee Fondse vorentoe te konsolideer wat sigself baie voordele vir lede in terme van kostes, ens. gaan teweegbring.

Intussen is die trustees van beide die Fondse (amptenare) tans besig, saam met die konsultante, om ’n verstekopsie vir lede by aftrede te ondersoek. Die uitkomste van die ondersoek sal fyn dopgehou word, sodat die ondersoek ook later na die PPF uitgebrei kan word.

17. KONTAKBESONDERHEDE

Waarnemende Voorsitter – Mnr Johan Benade

STD Diensburo (adviesburo) – Mnr Kenny Raats
021-957-7104 | kraats@kaapkerk.co.za

Belasting en Salarisse – Mev Ingrid van Eck
021-957-7107 | ivaneck@kaapkerk.co.za

Medies – Mev Christine Lombard
021-957-7106 | medies@kaapkerk.co.za

Pensioen – Mev Elodie van der Walt
021-957-7115 | pensioen@kaapkerk.co.za

Webblaaie:
http://kaapkerkadmin.co.za
http://ppfkaapkerk.co.za

C. SINODALE TAAKSPAN VIR EIENDOMME (STE)

1. SAKE UIT DIE MODERAMEN SE NOTULE VAN FEBRUARIE 2014

1.1 Verkoop van Ramot se plaas

1.1.1 Ramot kon nog steeds nie daarin slaag om hulle plaas te verkoop nie.

1.2 Oordrag van die NG Kerk se eiendom na die NID

1.2.1 Die Saakgelastigde is sedert die Moderamen se vergadering in Februarie 2014 as ’n direkteur van die NID (Nasionale Instituut vir Dowes) benoem. Indringende gesprekke met die ander direkteure van die NID het daartoe gelei dat die verhouding met NID verbeter het en dat die druk op die oordrag van die NG Kerk in SA se eiendom na die NID afgeneem het.

1.2.2 Die gesprek tussen die Staat (DHET – Department of Higher Education and Training) en die NID is nog steeds aan die gang. Die uitkoms van die onderhandelinge om die NID Kollege van ’n private “Further Education and Training College” (FETC) oor te skakel na ’n “Public Community College” (PCC), wat bykans al NID se opleiding- en sorgdienste sal insluit, sal bepaal watter vereistes die Staat sal stel ten opsigte van die eienaarskap van die betrokke erwe (tans die NG Kerk in SA se eiendom).

1.2.3 Die STE is groot dank verskuldig aan mnre Hennie Serfontein en Gerhard van Niekerk (albei van De Klerk en Van Gend Prokureurs) en adv André la Grange vir die raad en opinies aan die NG Kerk in SA insake die oordrag van eiendom.

1.3 Kweekskoolgebou: Lugversorging en opgradering van die gebou se elektrisiteit

1.3.1 Die opgradering van die elektriese toevoer by die Kweekskool te Stellenbosch, asook die installering van ’n meteringsisteem en die opgradering van die elektriese bedrading, verdeelborde wat daarvoor nodig is en lugverkoeling in die Attie van Wijk Saal is steeds aan die gang. Allerlei vertragings (reën en klipperige grond) het veroorsaak dat die werk nog nie afgehandel is nie.

1.4 Bethal Kampterrein, Mnandi, Strandfontein

1.4.1 Die huurkontrak is steeds nie hernu nie. Op 'n versoek om 'n skriftelike verduideliking, het Stad Kaapstad as volg reageer:
Currently the matter for the renewal of the lease of portion of Erf 1215 Mitchells Plain at Strandfontein is being circulated to all the affected branches (examples being water department, electricity department , environmental management etc.) of the City of Cape Town in the South Peninsula. After the circulation process is finalised your organisation will receive a in principle letter that which will set out the terms and conditions that will be part of the lease. This subject letter which will be prepared and sent out by our administration officer which will also contain a request to pay the appropriate advertising fee that will be used for the registered mail that will be send out to the abutting owners, subcouncil and other applicable bodies. After the latter process is completed, reports to subcouncil, as well as Council will be prepared recommending the approval or refusal of the application to renew the lease based on the services branches of the City Of Cape Town. The former reports will be forwarded to the Immovable Property Adjudication Committee (IPAC) to recommend the approval or the refusal of the lease, this latter report will have to go the applicable Mayoral Committee, the Legal department and finally the report goes to Council and only Council has the final decision-making authority on whether to support the recommendation or to refuse it.
I trust the above is in order.
Kind Regards, Shivonn-Lee Kumutu (City of Cape Town- Assistant Professional Officer, Property Management – South Peninsula Region)

1.4.2 Die kort van die lank is dat die proses steeds aan die gang is en nog 'n ruk aan die gang gaan wees.

1.5 Instandhouding van huise in NG Kerk se naam (Badisa kantore) – vir kennisname

1.5.1 Daar is goeie vordering met die opknapping en herstelwerk aan die huise wat die eiendom is van die NG Kerk in SA beskikbaar gestel het vir Badisa se programme. Werk aan die volgende eiendomme is reeds voltooi:
2de Laan 1, Bellville (BadisaTrio Bellville)
Pictonstraat 27, Parow (Badisa Tygerberg)
Houtstraat 28, Vredenburg (Badisa Weskus)
Victoriastraat 60, George (Badisa George)

1.5.2 Badisa Weskus het 'n skening van R650 000 van AssMang Iron Ore ontvang vir die aanbou en opknap van hulle fasiliteite. Dit is op 31 Julie 2014 feestelik ingewy. Die samewerking tussen die STE (en by name die voorsitter, mnr Dirk van Niekerk, se professionele hulp), die plaaslike Beheerraad en boukomitee (onder leiding van ds Willie Greeff) en Assmang Iron Ore se plaaslike verteenwoordiger (mnr Ben Viljoen) dien vermeld te word.

1.6 Koop van die NG Kerksentrum, De Langestraat 5, Bellville

1.6.1 Daar word steeds op Stad Kaapstad gewag om die GHBM se verband op die eiendom te kanselleer voordat dit na die NG Kerk in SA oorgedra kan word.
Susan Mosdell *(Manager: Property, Environmental & Planning Law Unit, Legal Services Department) verduidelik op 17 Junie 2014 as volg aan mnr Hennie Serfontein (die NG Kerk in SA se prokureur): Geagte Mnr Serfontein. Die Raad het besluit om magtiging te gee vir die ondertekening van hierdie en soortgelyke toestemmings tot kansellasie. Die mag is aan die Hoof Finansiële Beampte verleen. My kollegas in die Behuisingsfinansieringsafdeling moet die dokumentasie aan hom voorlê vir ondertekening.*

2. NUWE SAKE

2.1 Erf 579, Franschhoek

2.1.1 Die KGA se Arbeidsbediening het Erf 579 in Franschhoek in 1970 gekoop (dit is in 1972 getransporteer) met die doel om dit as 'n kampterrein te ontwikkel. Die Erf is gekoop by die Munisipaliteit van Franschhoek. Die prys was "R2 100,00 per morg". Drie morge is gekoop (R6 300,00). Saam met 'n paar ander uitgawes is die Erf dus vir R6 594,00 bekom (Transportakte

22495/1972). Die KGA het die grond gekoop om ’n kampterrein te ontwikkel. Dit is nie ’n terrein wat aan die KGA geskenk is met die oog op ’n kampterrein nie. Volgens die STE se Reglement het die KGA dus die “reg” om te versoek dat die Erf verkoop word.
KGA het die STFA reeds vanaf 2007 ’n paar keer versoek om die Erf te verkoop. Die Erf is vroeër in 2014 formeel waardeer en ’n waarde van R6,5 miljoen is bepaal. STFA het in Mei 2014 besluit dat die KGA die Erf kan verkoop. Die NG Kerk in SA se Beleggingskomitee het aanvanklik voorgestel dat die Erf as deel van die NG Kerk se beleggingsportefeulje behou word. Die Beleggingskomitee het egter hulle besluit gewysig en ook aanbeveel dat die Erf verkoop word. Mnr Hennie Serfontein (De Klerk & Van Gend Prokureurs) het reeds sewe jaar gelede ’n Aktebesorgersertifikaat uitgereik dat die eiendom sonder probleme verkoop kan word.

2.1.2 Die Moderamen het die volgende besluite goedgekeur:

1. **Die Moderamen neem kennis dat die KGA, die STE en die STFA die KGA se versoek opsigte om die verkoop van Erf 579 op die reglementêre wyse hanteer het.**
2. **Die Moderamen besluit dat die KGA Erf 579 kan verkoop en bevestig dat die opbrengs van die verkoop die KGA toekom. Die KGA dra egter ook die koste ten opsigte van die verkoop van die eiendom.**
3. **Die Moderamen versoek die STE om die KGA behulpsaam te wees met die verkoop van Erf 579 – dit sluit die wyse in waarop die Erf verkoop moet word (tender, veiling, uit die hand of via ’n eiendomsagent).**
4. **Die Moderamen versoek die STE en KGA om die minimum prys vir Erf 579 op R6 miljoen (ses miljoen rand) vas te stel.**

3. EIENDOMSAKE WAT TANS AANDAG GENIET

3.1 Hantering van die Algemene Sinode se navrae oor eiendomme van die sinode, ringe en gemeentes.
3.2 Die Algemene Sinode se navrae oor gefedereerde eiendomme
3.3 Gestremde fasiliteite by Kweekskoolgebou
3.4 Reperasies en vervangingswerk by Zikomo woonstelle (projekbestuur)
3.5 Ramot se elektrisiteitsprobleem (navrae oor sub-kontrakteurs/argitekte, ens.)
3.6 Badisa Wynberg (verkryging van verskillende kwotasies en konsulteer met beheerliggaam)
3.7 Sinodale Sentrum (instandhouding in oorgangsfase)
3.8 Opstel van huurkontrak/gebruiksooreenkoms ten opsigte van Badisa-huise en die Kerksentrum.
3.9 Onderhandelinge met Badisa en verskillende beheerliggame van verbruikers van NGK eiendomme
3.10 Huur van Bethal-kampterrein (Stad Kaapstad) en projekbestuur (elektrisiteit, veiligheid, sekuriteit en algemene instandhouding)
3.11 Serwitute by die Athlone eiendom, Ramot se plaas
3.12 Sonering by die Instituut vir Blindes
3.13 Eiendomsbelasting (Jan Kriel)
3.14 Navrae van gemeentes oor trustaktes

4. KONTAKBESONDERHEDE

Voorsitter – Mnr Dirk van Niekerk
082-805-5533 | niekebou@iafrica.com
Bestuurder: Eiendomme – Mnr Kobie van Jaarsveld
021-957-7188 | kvjaarsveld@kaapkerk.co.za

D. SINODALE TAAKSPAN VIR FINANSIES EN ADMINISTRASIE (STFA)

1. GEOUDITEERDE FINANSIËLE STATE

1.1 Die Sinode se geouditeerde finansiële state (soos op 28 Februarie 2014) is by die laaste vergadering van die STFA (19 Julie 2013) goedgekeur. Die STFA is dankbaar vir die ouditeure (Jan Calitz en Anél Grobler van PricewaterhouseCoopers) se puik diens. 'n Skoon oudit is weer eens ontvang. Die STFA het hulle dank teen die betrokke sinodale personeel uitgespreek.

1.2 Die STFA spreek sy besondere dank uit aan die NG Kerk in SA se Beleggingskomitee en Ouditkomitee.

1.2.1 Beleggingskomitee: Mnre Johan de Villiers, Eugene Goosen, Christo Meyer en Stephan Pretorius (Voorsitter), di Bossie Minnaar en Callie Visagie en Mev Annerina Viljoen.

1.3.2 Ouditkomitee: Mnre Johan de Kock, Christo Meyer en Stephan Pretorius, di Bossie Minnaar en ds Monty Sahd en mevv Erin Scholtz en Annerina Viljoen.

1.3 Die volledige stel finansiële state is by die sinodale kantoor beskikbaar. Bylaag 1 bevat die kerngegewens. Die volgende opmerkings is moontlik van belang:

1.3.1 **Diensgroepe se bedryfsrekeninge**

1.3.1.1 **Totale Inkomste** (Diensgroepe se bedryfsrekeninge) het met **3,2%** gestyg terwyl die uitgawes met slegs **1,8%** gestyg het.

1.3.1.2 **Bydraes en deuroffers** het met **10,9%** gestyg.

1.3.1.3 **Rente inkomste** het met **37,8%** gegroei.

1.3.1.4 **Vergoeding** het met **4,2%** toegeneem. Vergoeding beloop 55,0% van die Diensgroepe se bedryfsrekeninge se uitgawes.

1.3.1.5 **Administrasie-uitgawes** het met slegs **1,6%** toegeneem.

1.3.2 **Gekonsolideerde Inkomstestaat**

1.3.2.1 **Reserwefondse** het met R61 416 596 toegeneem. Dit sluit onder andere die R27 500 000 vir die plaas Sanddrift in. Die opbrengs op die reserwefondse se beleggings was vanjaar **17,5%** (die vorige twee jaar was dit 11,8% en 7,1%.

1.3.2.2 **Inkomste** het met **5,4%** toegeneem terwyl **uitgawes** met slegs **0,2%** toegeneem het.

1.3.2.3 Die **netto oorskot** op die gekonsolideerde inkomstestaat het met **14,9%** toegeneem van R26,8 miljoen na R66,8 miljoen.

2. SINODALE AANDEEL

2.1 Sinodale aandeel formule vir 2016

2.1.1 Die STFA het op 25 Julie 2014 nog 50 gemeentes se geouditeerde finansiële state ingewag. Die berekeninge op die 179 gemeentes wie se geouditeerde finansiële state reeds ontvang is, toon 'n groei in die berekende sinodale aandeel van R18 375 589 na R20 205 968 . As gevolg van die 20% maksimum toelaatbare groei in sinodale aandeel, is die werklike sinodale aandeel net R19 584 002,29 – 'n styging van **6,6%**.

2.1.2 Indien die STFA weer 'n 5% aanpassing in die sinodale aandeel tabel maak (soos die afgelope klompie jare), styg die sinodale aandeel van R18 375 589 na R19 871 742. As gevolg van die 20% maksimum is die werklike sinodale aandeel net R19 361 047,10 – 'n styging van **5,4%**.

2.1.3 Die tabel lyk tans as volg:

Netto inkomste < as R462 000,00		**1%** van die bedrag
R462 000,01 tot R693 000,00	R4 620,00	plus **6%** van dit wat meer as R462 000,00 is
R693 000,01 tot R1 155 000,00	R18 480,00	plus **9%** van dit wat meer as R693 000,00 is
Meer as R1 155 000,00	R60 060,00	plus **10%** van dit wat meer as R1 155 000,00 is

2.1.4 'n 5% aanpassing sal die tabel as volg wysig:

Netto inkomste < as R485 100,00		**1%** van die bedrag
R485 100,01 tot R727 650,00	R4 851,00	plus **6%** van dit wat meer as R485 100,00 is
R727 650,01 tot R1 212 750,00	R19 404,00	plus **9%** van dit wat meer as R727 650,00 is
Meer as R1 212 750,00	R63 063,00	plus **10%** van dit wat meer as R1 212 750,00 is

2.1.5 Die STFA kort nog enkele groot gemeente se geouditeerde finansiële state en wil dus nie ’n finale aanbeveling maak voordat daar nie ’n meer verteenwoordigende getal geouditeerde finansiële state ontvang is nie.

2.1.6 Die Moderamen het die volgende besluite goedgekeur:

1. **Die Moderamen neem kennis dat die STFA die moontlikheid van ’n 5% wysiging aan die sinodale aandeel tabel voorsien. Dit sal gemeente se sinodale aandeel vir 1 Maart 2015 tot 29 Februarie 2016 effens verlaag.**
2. **Die Moderamen magtig die STFA om die sinodale aandeel tabel met 5% te verlaag, sou dit blyk uit die geouditeerde finansiële state van gemeentes, dat dit binne die sinodale begroting moontlik is.**

2.2 Uitstaande sinodale aandeel

2.2.1 Op 25 Julie 2014 het sestien gemeentes nog R767 418,00 aan sinodale aandeel geskuld. Dit is heelwat minder as in 2013. Meer as die helfte van dié bedrag is deur net drie gemeentes verskuldig.

3. BESKIKBARE HULP

3.1 Ondersteuning aan Ringe

3.1.1 Ringe wat spesiale projekte aanpak – veral gerig op kerkeenheid of bou van verhoudings met die VGK kan aansoek om befondsing doen by die Saakgelastigde.

3.2 Bybelverspreiding

3.2.1 Gemeentes wat fondse benodig om Bybels te versprei kan by die Saakgelastigde aansoek doen om ondersteuning. Dit fonds is slegs vir Bybels (nie vir geestelike lektuur nie). Dit is ook nie bedoel vir die aankoop van spesiale Bybels vir lidmate nie, maar vir standaard Bybels met die oog op ’n uitreik van die gemeente.

3.2.2 Die normale riglyn is dat gemeentes die bestelling (na oorlegpleging met die Saakgelastigde) by die Bybelgenootskap plaas en dat die NG Kerk in SA die rekening betaal.

3.3 Gemeenteondersteuning

3.3.1 Die STFA (via die Taakspan Finansiële Ondersteuning) help gemeentes wat finansiële ondersteuning nodig het. Die gemeente se behoefte word by Protokol op die tafel geplaas. Protokol bestaan uit aangewese verteenwoordigers van STFA, TFO, GKS, Communitas, Predikantebegeleiding, Vrouelidmate en KGA. Daar kan dus holisties na ’n gemeente se behoefte omgesien word. Protokol wys normaalweg ’n fasiliteerder vir die betrokke gemeente aan.

3.3.2 Die gemeente word gewoonlik deur hierdie fasiliteerder besoek. Die STFA help vir ’n jaar op ’n slag. Die STFA/TFO maak ook dikwels (in samewerking met Protokol) voorstelle ten opsigte van die bediening.

3.4 Verbande

3.4.1 Gemeentes (nie lidmate of predikante nie!) kan by die Sinode aansoek doen om ’n lening (’n verband) ten einde ’n kerkgebou op te rig.

3.4.2 Die geld wat die STFA beskikbaar stel vir verbande is diensgroepe se beleggings. Verbande is tans een van die swakste beleggings wat die Sinode kan doen. Die STFA help dus slegs as ’n gemeente kan bewys dat hulle by geen bank ’n lening of verband kan kry nie. Die STFA gee nie lenings vir die bou van aftree-oorde of pre-primêre skole nie.

4. AFGEHANDELDE SAKE

4.1 VGK se Argiefrekening

4.1.1 Die Moderamen het in Februarie 2014 as volg besluit:

BESLUIT MN14/12
Die Moderamen versoek die STFA om, soos in die verlede, dit te oorweeg om die VGK se argiefrekening (R106 750,00 vir 1 Maart 2013 tot 28 Februarie 2014) uit die Dr JC Coetzee Gebeurlikheidsfonds (TB1007) te betaal. Intussen word die Saakgelastigde versoek om steeds met die VGK te beraadslaag oor 2014/2015 se rekening (R126 166,00).

4.1.2 Die VGK het intussen begin om hulle argiefrekening te betaal.

4.2 #imagine

4.2.1 Die Moderamen het besluit die STFA #imagine moet help finansier:

BESLUIT MN14/11
1. Die Moderamen besluit
1.1 om R200 000 (vir onmiddellike oorbetaling) uit die JC Coetzee-fonds vir Kerklike Projekte aan #imagine te skenk;
1.2 om ’n verdere R100 000 beskikbaar te stel (uit dieselfde fonds of ’n ander fonds soos deur die STFA aanbeveel) om gemeentes in staat te stel om behoeftige jongmense (NGK en VGK) te subsidieer om die #imagine-streekbyeenkoms in die Wes-Kaap by te woon.
2. Die Moderamen versoek die sinodale kantoor, om in samewerking net #imagine, die riglyne en prosedure vir die beoogde subsidiëring uit te werk en so spoedig moontlik aan gemeentes te kommunikeer.

4.2.2 Die volle R300 000 is uit die JC Coetzee-fonds vir Kerklike Projekte aan #imagine geskenk. Die R100 000 is gebruik om gemeentes (wat dit benodig het) se vervoerkoste te help finansier.

5. KOSTE VAN OUDIT

5.1 Die STFA kry met gereelde tussenposes ’n versoek dat gemeente se finansiële state nie deur ’n IRBA geregistreerde ouditeur geoudit hoef te word nie. Die punt is egter dat Reglement 18: 2.5.2 bepaal dat gemeentes se finansiële state deur ’n IRBA geregistreerde ouditeur geoudit moet word. Gemeentes het nie ’n keuse tussen ’n rekenmeester óf ’n ouditeur nie. Dit móet ’n IRBA geregistreerde ouditeur wees. LET WEL: Hierdie ouditeur hoef nie die rekenmeesterswerk te doen nie. Die ideaal is dat die gemeente sorg dat finansiële state volledig opgestel word. Die ouditeur moet slegs ’n oudit doen – nie die gemeente se boeke “doen” nie.

5.2 Die tweede vraag is of gemeentes nie ’n oudit van hulle boeke hoef te laat doen nie – maar slegs ’n oorsig (“*independent review*”). Laaste genoemde kan moontlik goedkoper as ’n oudit wees. Navrae van die STFA toon egter dat die grootste faktor nie die oudit of die oorsig is nie, maar die kwaliteit van die state en brondokumente wat aan die ouditeur beskikbaar gestel word. Die STFA het die verskille tussen ’n oudit en ’n oorsig deeglik nagevors en bly steeds van mening dat ’n oudit noodsaaklik is. Die STFA beplan dus nie om die Reglement te laat wysig nie.

5.3 Die STFA beveel graag aan dat ’n vrywilliger in die gemeente (of selfs buite die gemeente) gewerf word om die gemeente se finansiële state op te stel en veral om te kontroleer dat al die brondokumente netjies geliasseer is (en dus op aanvraag onmiddellik beskikbaar is) en goeie kruisverwysings na dekkende notulebesluite vir buitengewone uitgawes bestaan. Daar moet ook salaris-, verlof- en bateregsiters wees. Oorspronklike saldosertifikate, bank- en beleggingstate moet netjies liasseer wees. Die voltooide belastingopgawes moet beskikbaar wees. Wanneer ’n ouditeur dan slegs die finansiële state moet afteken (en die steekproef toetse die state bevestig) is die ouditrekening heelwat kleiner as wanneer die kerkkantoor ’n houer vol “papiere” by die ouditeur gaan aflaai.

5.4 Onderhandel gerus ook met die ouditeur vir ’n datum wat hulle minder besig is. Dit kan ook die rekening afbring. Indien die gemeente reeds oor goeie internet toegang beskik, is dit ook moontlik om ’n ouditeur te gebruik wat nie noodwendig in die onmiddellike omgewing werk nie. Die Predikante Pensioenfonds se ouditeure se kantoor is byvoorbeeld in Johannesburg.

6. KONTAKBESONDERHEDE

Voorsitter – Ds Monty Sahd
021 887 6819 (kantoor) | 083 449 2461 | mpsahd@sun.ac.za
Saakgelastigde – Ds Bossie Minnaar
021-957-7104 (kantoor) | 083-270-5211 | bossie@kaapkerk.co.za
Bestuurder: Finansies – Mev Annerina Viljoen
021-957-7108 (kantoor) | aviljoen@kaapkerk.co.za
Webblad:
http://kaapkerkadmin.co.za

E. SINODALE TAAKSPAN VIR REGTE (STR)

1. WYSIGING AAN REGLEMENTE

1.1 Die STR wys die Moderamen opnuut daarop dat alle voorstelle vir wysigings aan reglemente eers deur die Sinode goedgekeur moet word, voordat dit geïmplementeer kan word. (Wes- en Suid-Kaap Reglement 2.16). Staande reglemente soos gepubliseer in die Sinode se reglementeboek is die geldige een totdat die Sinode anders besluit. Die Moderamen moet kennis neem dat daar by die vorige Sinode ’n eenmalige bevoegdheid aan die Moderamen toegeken is om sekere reglemente goed te keur (Sien Reglement 2:16.2).

1.2 Die STR wys diensgroepe en taakspanne opnuut daarop dat voorstelle tot wysigings van reglemente eers by die STR hanteer moet word, voordat die Sinode dit ter tafel kan neem. Soms neem die Moderamen nuwe strukturele besluite. Dit is die betrokke diensgroep of taakspan se taak om die nuwe besluite by die reglement in te sluit en dit dan vir STR te stuur.

1.3 Die STR het in Junie 2014 vir vier dae ’n werkswinkel gehou en al die reglemente van die Sinode deurgegaan met die oog op volgende jaar se Sinode. Die STR skryf nie reglemente van nuuts af nie. Die diensgroepe skryf dit self en verwys dit dan na die STR. Indien ons nie van die diensgroep of taakspan self ’n voorstel ontvang nie, aanvaar ons dat die vorige reglement staande is.

2. VERWYSINGS

2.1 Die STR het alle navrae wat verwys na behore hanteer. Dr Heine sal ’n brief aan alle predikante skryf om ’n paar sake van bevoegdheid onder hulle aandag te bring.

3. KONTAKBESONDERHEDE

Voorsitter – Ds Charl Stander
021-988-0602 | 084-234-1155 | charl@parke.co.za
Aktuarius – Dr Quintus Heine
021-910-8777 (kantoor) | 083-381-6878 | heine@biblesociety.co.za

Bylaag 1
Geouditeerde Finansiële State

NG KERK IN SUID-AFRIKA
GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE STAND
SOOS OP 28 FEBRUARIE 2014

	2014	2013
BATES		
Nie-bedryfsbates	**314 274 008**	**247 918 165**
Eiendom, Toerusting en Voertuie	21 168 611	21 217 701
Beleggings	290 758 091	224 460 570
Beurslenings	2 347 306	2 239 894
Bedryfsbates	**4 263 474**	**4 481 717**
Debiteure	622 124	646 892
Voorraad	151 975	189 439
Bank en Kontant	3 489 375	3 645 386
Totale Bates	**318 537 482**	**252 399 882**
KAPITAAL, FONDSE EN AANSPREEKLIKHEDE		
Kapitaal en fondse	**310 889 128**	**244 001 054**
Kapitaal van Algemene Fondse	25 604 209	25 167 950
Reserwes	244 556 335	183 139 739
Trustfondse	2 421 219	2 206 643
Testamentêre bepalings	38 307 365	33 486 722
Nie-bedryfslaste	**1 267 288**	**1 531 038**
Wentelfonds lening	1 267 288	1 531 038
Bedryfslaste	**6 381 066**	**6 867 790**
Krediteure	5 825 900	6 078 435
Fondse vir versending	555 166	789 355
Totale Kapitaal, Fondse en Aanspreeklikhede	**318 537 482**	**252 399 882**

GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT
VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2014

	2014	2013	
Direkte Inkomstes	**74 017 075**	**52 629 968**	**4,1%**
Totale bydraes en deuroffers	29 074 084	28 071 528	0,4%
Ander inkomste	5 175 280	4 860 834	0,6%
Reserwes	36 225 059	16 367 254	12,1%
Testamentêre bepalings	3 542 652	3 330 352	0,6%
Rente/beleggingsinkomste ontvang	**42 010 898**	**22 541 484**	**8,6%**
Algemene Fondse	379 795	275 609	3,8%
Reserwes	35 500 400	18 588 903	9,1%
Trustfondse	363 576	233 237	5,6%
Testamentêre bepalings	5 767 127	3 443 735	6,7%
Totale Inkomste	**116 027 973**	**75 171 452**	**5,4%**
Algemene Fonds Uitgawes	**(34 392 596)**	**(33 775 522)**	**0,2%**
Personeeluitgawes	(19 772 083)	(18 893 533)	0,5%
Administrasie-uitgawes	(6 343 476)	(6 241 827)	0,2%
Toelaes en oorbetalings	(8 277 037)	(8 640 162)	(0,4%)
Ander uitgawes	**(14 747 303)**	**(14 518 492)**	**0,2%**
Reserwes	(11 297 442)	(11 893 629)	(0,5%)
Trustfondse	(149 000)	(144 396)	0,3%
Testamentêre bepalings	(3 300 861)	(2 480 467)	3,3%
Totale uitgawes	**(49 139 899)**	**(48 294 014)**	**0,2%**
Netto oorskot vir die jaar	**66 888 074**	**26 877 438**	**14,9%**

INKOMSTESTAAT VIR DIENSGROEPE SE BEDRYFSREKENINGE
VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2014

	2014	2013	
INKOMSTE	**34 411 461**	**33 358 128**	**3,2%**
Bydraes en kollektes	**29 074 084**	**28 071 528**	**3,6%**
Sinodale aandeelbydraes	22 441 472	21 862 694	2,6%
Bydraes en kollektes	4 877 488	4 398 471	10,9%
Bydraes - Nie-kwota	17 887	16 852	6,1%
Bydraes - CPRC Gemeente	50 000	53 000	(5,7%)
Bydraes – Vrouediens	190 995	196 150	(2,6%)
Bydraes - Algemene Sinode	355 402	329 620	7,8%
Bydraes - Noord-Kaap	-	2 750	
Bydraes – Argief	1 140 840	1 211 991	(5,9%)
Ander inkomste	**5 175 280**	**4 860 834**	**6,5%**
Administrasiegelde ontvang	2 012 865	1 837 349	9,6%
Hanteringsfooie en makelaarskommissie	199 115	176 744	12,7%
Communitas - Kursusgelde	213 165	88 383	141,2%
Diverse inkomste	568 825	686 971	(17,2%)
Huur - Woonstelle, strandwoonstelle, pastorieë, argief	1 111 921	987 720	12,6%
Resepteboeke en handleidings	17 135	14 650	17,0%
Vrywillige bydraes - VBO	239 189	266 816	(10,4%)
Wins/(verlies) met verkoop van bate	(91 518)	(105 041)	(12,9%)
Verkope – boeke	278 653	313 792	(11,2%)
F Kirsten Trust	625 930	593 450	5,5%
Rente ontvang	379 795	275 609	37,8%
Oorplasings van Testamentêre bepaling	**721 196**	**356 980**	**102,0%**
Dr J C Coetzee Trust	330 376	356 980	(7,5%)
Getuieniskommissie	390 820	-	
Oorplasings vanaf/(na) Reserwes	**(938 894)**	**(206 823)**	**354,0%**
Sinodale Aandeel Hulpfonds Reserwe	(1 441 472)	(1 862 694)	(22,6%)
Vervanging van bate reserwe	117 331	35 020	235,0%
Gemeentehulpreserwe	(174 454)	(153 898)	13,4%
Hospitaalbearbeidingsreserwe	347 497	356 224	(2,4%)
Gemeente ontwikkeling	13 956	-	
Sinode Vergadering Reserwe	(360 000)	(360 000)	0,0%
Weskus Sending Reserwe	-	45 000	(100,0%)
Transnet Bedienings Reserwe	(399 804)	275 798	(245,0%)
Handel- en Nywerheidsbediening	-	(240 416)	(100,0%)
Seelui-/Vissersbediening	66 069	(3 193)	(2169,2%)
STLAS reserwe	5 519	-	
Kuratorium	319 614	101 116	216,1%
Vrouelidmate	-	(32 901)	(100,0%)
Diens van Barmhartigheid	300 943	289 667	3,9%
Getuieniskommissie	265 907	1 343 454	(80,2%)

	2014	2013	
Uitgawes	**34 392 596**	**33 775 522**	**1,8%**
Personeeluitgawes	**19 772 083**	**18 893 533**	**4,7%**
Communitas - Salaris bydraes	514 727	453 929	13,4%
Pensioen- en mediese-aanvulling Sendelinge	337 923	311 453	8,5%
Salarisbydraes	(2 500)	(27 500)	(90,9%)
Vergoeding en honoraria	18 921 933	18 155 651	4,2%
Administrasie-uitgawes	**6 343 476**	**6 241 827**	**1,6%**
Versekering	141 004	155 730	(9,5%)
Advertensie- en bemarkingskoste	9 778	7 011	39,5%
Bankkoste	120 535	120 053	0,4%
Belasting en munisipale gelde	24 357	18 198	33,8%
Boeke, tydskrifte, oudiovisuele hulpmiddels	40 463	39 009	3,7%
Boeke - koste van verkope	260 569	274 184	(5,0%)
Communitas - Kantooruitgawes	59 780	82 454	(27,5%)
Ledegelde, jaargelde en subskripsies	150 881	83 849	79,9%
Diverse uitgawes	202 438	411 098	(50,8%)
Interaksie koste	-	(35 031)	
Huur betaal	178 055	175 119	1,7%
Kantoorhuur	928 894	977 923	(5,0%)
Motorvoertuigonkostes	71 732	80 157	(10,5%)
Kantooruitgawes	61 387	76 995	(20,3%)
Slegte skuld	256 810	(300 419)	(185,5%)
Onthaalkoste	76 597	62 375	22,8%
Ouditeursgelde	236 647	358 929	(34,1%)
Instandhouding van geboue en uitrusting	403 046	265 487	51,8%
Reis, verblyf en vergaderingskostes	1 581 128	1 632 675	(3,2%)
Rekenaarprogrammatuur en -onderhoud	99 691	96 836	2,9%
Menslike hulpbrondienste en personeelopleiding	60 403	85 344	(29,2%)
Konvent van Susterskerke, ringsuitgawes, streekkonferensies	72 058	309 050	(76,7%)
Skryfbehoeftes en drukwerk	311 438	295 067	5,5%
Telefoon en posgeld	513 870	524 483	(2,0%)
Vroue-kampe kostes	-	6 122	
Water en elektrisiteit	202 779	184 275	10,0%
Depresiasie	279 136	254 854	9,5%
Toelaes en oorbetalings	**8 277 037**	**8 640 162**	**(4,2%)**
Nuwe prioriteite	16 361	8 820	85,5%
Malawi	1 318 993	1 601 909	(17,7%)
Msinga	880 899	844 158	4,4%
Mosambiek	938 540	926 704	1,3%
Toelaes Studentebearbeiding	836 780	836 780	
NGK in Afrika	72 550	67 804	7,0%
Algemene Sinode	919 450	923 506	(0,4%)
Vrouelidmate - ABC Projek	(2 030)	1 959	
Spesiale werkswinkels en projekte	131 667	173 316	(24,0%)
BADISA - Bydrae	2 284 000	2 306 500	(1,0%)
Zimbabwe	879 827	948 706	(7,3%)
Netto (tekort) / oorskot vir die jaar	**18 865**	**(417 394)**	